

Universiteit van Pretoria

GESOEK: DIE NUWE ENTREPRENEUR

TUK 338.04
RUPEERT

GESOEK: DIE NUWE ENTREPRENEUR

DR. A.E. RUPERT

Rede gelewer op 30 April 1985 as Professor Honorêr in die Department
Bedryfsekonomie, Universiteit van Pretoria.



2357503

GESOEK: DIE NUWE ENTREPRENEUR

Die wêreld-ekonomie bevind hom in 'n oorgangsfase wat nie sonder pyn geskied nie. Ou gevestigde industrieë, tradisionele steunpilare van ekonomiese ontwikkeling, is besig om te kwyn, terwyl werkloosheid versnel. In baie Westerse lande word naartig gesoek na 'n verjongingskuur wat stukrag aan flou ekonomieë kan gee.

Die ontbrekende skakel in die stryd teen werkloosheid, is die entrepreneur, het 'n klompie geleerdes besluit wat vroeër vanjaar in Brussel vergader het om werkloosheid te bespreek.

By hierdie geleentheid is daar gepleit dat alle beskikbare talent-, kantoor- of fabriekswerker, man of vrou, geskoold of ongeskoold, ingespan moet word om die nuwe entrepreneur na vore te bring. Mense moet weer oorreed word om risiko's te aanvaar en wins na te streef.

Anders as in Amerika, waar 'n tydperk van ongekende bloei in ondernemerskap beleef word, is daar veral in Wes-Europa kommer oor die daling van geldeenhede teenoor die dollar en die afwesigheid van entrepreneurs.

Die ou nywerheidslande soek vernuwing en langtermynvooruitsigte, terwyl die ontwikkelende lande probeer wal gooi teen tegnologiese vernuwing wat dreig om tradisionele werkgeleenthede oorbodig te maak.

“Neu-Europa”

Ek was bevoorreg om verlede jaar ten nouste betrokke te raak by die soeke na vernuwing in Duitsland. Dit het so gebeur: Ek is in Oktober 1983 deur die burgemeester van Wes-Berlyn genooi om dié stad te besoek. Tydens hierdie besoek in Februarie verlede jaar is ek genader om hulp en advies te gee met werkverskaffing aan hierdie beleërde stad, wat van soveel belang vir die voortbestaan van Europa en die Weste is.

My voorstel was dat 'n innovasie-maatskappy gestig word, min of meer op die grondslag van die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie, maar met die klem op hoë tegnologie. Hierdie voorstel is aanvaar en “Neu-Europa” Hitec & Biotec het op 18 Januarie vanjaar tot stand gekom.

Die “leitmotiv” van my voorstel het ek soos volg beantwoord:

“Europa was nog altyd bekend vir sy vindingrykheid. Die trein, motor, straal-motor, televisie, radar, vuurpyl en die rekenaar is almal afkomstig uit Berlyn. Selfs die struktuur van die DNA-molekuul - die sentrum van lewe - is

in 'n fietsskuur in Cambridge, Engeland ontdek en nie in 'n moderne navorsingslaboratorium in Japan of Amerika nie.

En tog is die toekoms van Europa vandag onseker as gevolg van die praktiese toepassing van eertydse Europese uitvindings deur Amerikaanse en Japanese produksie- en bemarkingsvernuf. Europa moet sy skeppende vermoë beter benut deur geleenthede aan sy jong, briljante uitvindings te bied.

Hoekom 'n innovasie-maatskappy in Berlyn stig? Lenin het gesê wie Berlyn besit, besit Europa. Selfs vandag nog het Berlyn meer jong wetenskaplikes op universiteit as elke ander sentrum in Europa. Daarom die behoefte vir 'n nuwe Europese Hitec & Biotec-korporasie, met die hoofkantoor in Berlyn."

In die stigtingsakte het ek voorgestel dat die nuwe maatskappy 'n doelwitkapitaal van DM 50 miljoen, maar verkieslik DM 100 miljoen moet hê en dat tussen 20 persent en 50 persent van sy kapitaal in nuwe ondernemings belê word, met die oog daarop om die ondernemingsgees van Berlyners te stimuleer. Self het ek aangebied om bevriende maatskappye te nader om aandele op te neem.

Om die geld te vind, was nie maklik nie. My moeilikste probleem was egter om eers deur te breek deur die sogenaamde "Europa-sklerose" - 'n gebrek aan vertroue in die waagmoed van die jeug - wat lei tot 'n tekort aan jong entrepreneurs.

Sedert die begin van die tagtigerjare heers daar reeds kommer oor Europa se agterstand op die gebied van moderne tegnologie. In die hewige stryd tussen Amerika en Japan om op die voerpunt van nuwe tegnologie te bly, het Europa agter begin raak. Die ekonomiese swaartepunt het geleidelik van die Ou Wêreld na die Nuwe Wêreld begin verskuif.

Europa se probleem is nie soseer innovasie nie, maar eerder sy onvermoë om innovasie tot praktiese aanwending en lewenskragtige nywerhede deur te voer.

Wes-Duitsland is bv. steeds 'n nywerheidsleier op die gebied van tradisionele industrieë soos motors, staal en chemikalieë, maar daarteenoor het sy aandeel van die wêreldmark vir hoë tegnologiese produksie die afgelope dekade van 12 persent tot 7 persent gedaal.

Gedurende die vorige dekade het nywerheidsproduksie in Wes-Europa met slegs 8 persent toegeneem teenoor die 16 persent in Amerika en 26 persent in Japan. Ondanks ruim staatsbefondsing van navorsing en ontwikkeling kon

Wes-Europese ondernemings net 10 persent van die wêreldmark vir elektroniese mikroprosesseerders verower. Saam domineer Amerika en Japan die mark met 'n aandeel van 80 persent.

Baie groot ondernemings in Europa glo net nie dat daar meer sluimerende ondernemingsgees by jongmense is nie. Lang tydperke van sosialisme laat glo hulle dat mense net vir die staat of vir groot maatskappye wil werk.

Groot ondernemings word dikwels beskou as 'n bron van bestendige indiensneming - en dit geld nie net Europa nie, maar Suid-Afrika ook. Die probleem is dat "veilige werk" en gewaarborgde indiensneming nie bekend is vir besondere doeltreffendheid nie.

Ondernemingsgees kom juis na vore by diegene wat nie kwalifiseer vir 'n "veilige hawe" nie en wat besef dat hulle persoonlike welsyn afhanklik is van vindingrykheid, kreatiwiteit en risikoneming.

In skrilte kontras met die sienswyse in Europa is die sake-herlewing wat sedert die laat sewentigerjare in die VSA ondervind word. Maatskappystigting staan op 'n historiese hoogtepunt en die Amerikaanse ekonomie bruis van ondernemerskap en innovasie.

"Nuwe Ekonomie"

Waar lê die verskil? Wat gebeur in Amerika, waar Adam Smith se "onsigbare hand" so kragtig aan die werk is? John Naisbitt, skrywer van die sake-treffer "Megatrends" praat van die "Nuwe Ekonomie".

Hy sê dat daar toenemende aanvaarding is van een van sy kragtigste "megatrends", naamlik dat Amerika se ou industrieë besig is om plek te maak vir 'n rekenaar- en inligtinggemeenskap.

Die "Nuwe Ekonomie" is besig om die oue in te haal, sê hy. En die krag van die "Nuwe Ekonomie" lê in sy vermoë om werkgeleenthede te skep - teen 'n tempo van gemiddeld 2 miljoen per jaar die afgelope aantal jare.

Gedurende 1950, die hoogtepunt van die vorige industriële tydperk, is nuwe maatskappye gestig teen 'n tempo van 9 300 per jaar. Verlede jaar het 600 000 nuwe sakeondernemings in die VSA tot stand gekom!

Hoe lyk hierdie nuwe, dinamiese geslag entrepreneurs, en waar kom hulle vandaan?

Party studies noem kenmerke soos lae angsvlakke, nie-konformisties, sterk

skeppingsdrang, 'n voorliefde vir kanse waag en aanpassingsvermoë by veranderde omstandighede. Ander praat van selfvertroue, versindheid en 'n sterk behoefte om selfstandig en aan die roer van sake te wees.

'n Opname van Amerika se 100 kleinsake wat die vinnigste groei, het aangedui dat die hoofuitvoerende beamptes uit families kom waar die entrepreneursdrang sterk loop. Hulle is dikwels die eersgeborenes in die gesin.

Benewens eienskappe speel omstandighede ook 'n rol. 'n Geslag wat met voorspoed opgegroeï het, vind dit algaande moeiliker om lewenstandaarde te handhaaf. Tegnologiese vernuwing het veral op middelbestuursvlak baie poste oorbodig gemaak, terwyl afdankings bygedra het om vertroue in die groot korporasie te laat kwyn.

Baie mense voel dat die groot korporasie hulle in die steek gelaat het; dat dit te lank vat om in 'n posisie van werklike gesag en verantwoordelikheid te kom; dat selfs senior poste nie groot welvaart bring nie; dat werksekuriteit in tye van ekonomiese resessie nie gewaarborg kan word nie.

Baie van die suksesvolle nuwe entrepreneurs kom uit groot maatskappye en ander instellinge. Hulle weet baie van organisasie en bestuur en het ook nie illusies oor multimiljoen-ondernemings nie. Hulle is doelgerig, werker-georiënteerd, met die klem sterk op humanistiese waardes.

Oor die oplewing in ondernemerskap het prof Alfred Chandler van die Harvard Business School die volgende kommentaar:

“There is more entrepreneurship today and it is somewhat different than before. Society is quicker, more mobile, bigger and more urban. This growth, combined with new technologies, has given the entrepreneur opportunities that simply weren't there prior to World War II.”

Tegnologiese veranderings mag die dryfkrag agter die opkoms van die nuwe entrepreneursklas wees, maar daar is beslis ook ander faktore. So bv. het die vermindering van die belasting op kapitaalwins in 1978 in Amerika 'n ongeëwenaarde toename in risikokapitaal tot gevolg gehad. Verlede jaar was 'n rekordbedrag van sowat \$11 000 miljoen beskikbaar om entrepreneurs se drome werklikheid te help maak.

Wat ook die omstandighede, die feit is dat al hoe meer mense die behoefte het om iets nuuts te skep en dit te sien groei. Die nuwe geslag entrepreneurs het 'n nuwe benadering. Hulle soek nuwe uitdagings en wil dinge op hul eie manier doen. Twintig jaar gelede was dit die mediese en regsberoep wat jongmense gelok het. Entrepreneurs het nie status geniet nie. Hulle is

beskou as mense wat hul eie belange ten koste van ander bevorder.

Nou vind 'n nuwe vlag van ondernemingsgees wye inslag en onderne-
mings kom teen 'n ongekende tempo tot stand. Die risiko's is nie minder
nie. Twee uit elke drie ondernemings misluk steeds binne die eerste vyf jaar,
volgens die Amerikaanse Small Business Administration. Die verskil is egter
dat mense wat misluk nie sommer tou opgooi nie, maar weer probeer.

Entrepreneurskoors het in die VSA ook na opvoedkundige inrigtings oorge-
waai. Vyf jaar gelede is net 15 kursusse in entrepreneurskap aangebied.
Vandag is daar 150 kursusse. 'n Ander interessante kenmerk van die derde
nywerheidsrevolusie is dat al meer vroulike entrepreneurs na vore tree.
Tussen 1980 en 1982 het vroue-ondernemers met 213 000, of 10 persent,
toegeneem. By mans, daarenteen, was die styging slegs 47 000, of 1 per-
sent.

Belang van klein

Vir die ou nywerheidslande van die wêreld wat met wanhoop moes toesien
hoedat hulle ekonomieë kwyn onder die aanslag van die dollar en hoë teg-
nologie, is daar egter ook hoop te put uit die Amerikaanse sake-herlewing.

Aan die voorpunt van die nuwe industriële revolusie is Amerika se nage-
noeg 11 miljoen klein sake-ondernemings wat nie alleen verantwoordelik is
vir 50 persent van die bruto nasionale produk nie, maar ook vir 60 persent
van die indiensneming.

Toe hy in 'n onderhoud met die tydskrif *US News & World Report* na die
nuwe geslag entrepreneurs gevra is, het Peter Drucker, bekende Ameri-
kaanse bestuurskundige, hom soos volg uitgelaat:

“We have on our hands an entrepreneurial boom the like of which we have
not seen in a century. The most important economic event of the last few
years, in fact, is the emergence of this entrepreneurial trend”.

Volgens Drucker is 20 miljoen nuwe werkgeleenthede in die vorige dekade
in die VSA geskep. Gedurende dieselfde tyd het *Fortune* se 500 top-maat-
skappye vier tot vyf miljoen poste afgeskaf, terwyl die owerheidsektor ook
nie juis gegroei het nie. Die meeste van die 20 miljoen nuwe poste het dus
gekom van die klein ondernemings wat al die na-oorlogse aankomelinge ge-
absorbeer het, asook die miljoene vroue wat tot die arbeidsmark toetree
het.

Amerika se kleinsakesektor verteenwoordig vandag die vierde grootste eko-

nomiese mag ter wêreld in terme van bruto nasionale produk. Net die VSA (as geheel), Rusland en Japan is groter!

Volgens die Brookings Institution het klein ondernemings met minder as 100 werknemers tussen 1976 en 1980 nagenoeg vir 51 persent van die groei in totale indiensneming gesorg. Die treffendste voorbeeld van die kleinsake se werkskeppingsvermoë is seker die maatskappy Apple Computer. In 1976 het twee manne die onderneming gestig. In 1982 het Apple Computer 4 000 werknemers gehad.

Maar die kleinsake skep nie net werk nie. Volgens die Small Business Administration skep entrepreneurs 2½ keer meer nuwe produkte as groot ondernemings. Hele nuwe industrieë is gebou op hulle uitvindings. Dink maar net aan die rolpen, lugreëling, kitsfotografie en halfgeleiers.

Ontstaan van nuwe sake

Nuwe ondernemings kom selde volgens 'n vaste patroon tot stand. Sekere tendense is hoogstens waarneembaar. Een hiervan is die snelle groei van ondernemings op die gebied van hoë tegnologie.

In die bekende Silicon Valley het 1 000 nuwe ondernemings sedert 1979 opgespring - almal klein volgens Amerikaanse maatstawwe. Anders as enkele jare gelede is risikokapitaal letterlik op soek na die entrepreneur wat met 'n idee rondloop.

'n Tweede definitiewe ontwikkelings-tendens is die reeks hoogs gespesialiseerde en gestandaardiseerde ondernemings wat ontspring uit groter ondernemings, wat soms as voedingsbron vir innovasies dien. Ondernemings volgens die sogenaamde "McDonald"-model, kommersialiseer heel dikwels uitvindings wat groter ondernemings ontwikkel en voor betaal het.

Vroeër was daar 'n neiging by groot ondernemings om kleintjies wat uit hul geledere wegbreek, dood te druk, of mettertyd in te sluk. Vandag reageer baie gevestigde ondernemings op die uitdaging van die nuwe geslag entrepreneurs deur òf kliënte van die nuwe sake te word, òf self op die entrepreneurswa te klim.

So bv. het General Electric in die jongste jare \$100 miljoen in 30 nuwe ondernemings belê, terwyl dit vir maatskappye soos NCR Corp., Burroughs en Prime Computer meer prakties is om kantoor-werkstasies van die kleiner Convergent Technologies Inc. te koop as om dit self te ontwikkel.

Siemens AG van Duitsland ondersteun tans maatskappye wat afsplits en Siemens-patente en -tegnologie gebruik om produkte te maak wat nie by

die hoofmaatskappy se produkkreeks inpas nie. 'n Spesiale beleggingsmaatskappy is vir diè doel gestig. In ruil vir sy ondersteuning verkry Siemens aandele-opsies in die nuwe onderneming.

Ander pak die uitdaging aan deur buro's vir ondernemerskap binne groot korporasies te stig en 'n gunstige klimaat vir innovasies te skep. Hierdie pogings slaag egter selde omdat die meeste groot ondernemings nie werklik weet hoe om klein te dink nie.

Dienstebedrywe

Nog 'n kenmerk van die nuwe geslag ondernemings is die verskuiwing weg van vervaardiging na dienstebedrywe.

Vanaf 1973 tot 1982 het diensmaatskappye - kleinhandelsake, restaurante, gesondheidswinkels en inligtingspesialiste - meer as 40 persent van die nuwe werkgeleenthede in die VSA verskaf. Die gesamentlike indiensneming van die motor- en staalbedryf is minder as die werkgeleenthede wat net sedert 1973 deur restaurante en kroëë geskep is!

Die dienstesektor verskaf tans werk aan byna sewe uit elke tien werkende Amerikaners. Volgens skatting sal agt uit tien Amerikaners teen die einde van die eeu by die vervaardiging van rekenaars en die verskaffing van inligting en dienste aan die gemeenskap betrokke wees.

Waar die vervaardigingsektor in 1980 werk aan 24 persent van die arbeidsmag verskaf het, sal die syfer tot 11 persent in die jaar 2000 daal. Werkgeleenthede in die landbou sal na raming van 4 persent tot 3 persent verminder, terwyl indiensneming in die dienstesektor van 62 persent tot 86 persent van die arbeidsmag sal toeneem.

Die verliese van werkgeleenthede in die sogenaamde "smoke-stack"-industrieë - soos die motor-, staal-, tekstiel- en elektriese bedryf - is aansienlik. Volgens een skatting in Amerika het sowat 2 miljoen poste tussen 1980 en 1982 in hierdie nywerhede verdwyn. Miljoene werkers en vakbondleiers vrees dat hoëtegnologie tot gevolg sal hê dat die Amerikaanse nywerheid ten koste van die werker gered word.

IBM stem egter nie saam dat hoëtegnologie werkskepping bedreig nie en 'n woordvoerder lewer die volgende kommentaar:

"Every time we have had technological change, some people argued that we should stop the change and preserve the jobs. And what actually happened? More jobs were created than were destroyed. Right now the soft-

ware industry is growing like gangbusters, and it is highly labour-intensive.”

Een van die beroepe wat tans die vinnigste in die VSA groei, is rekenaarinstandhouding. Van die 675 beroepsvertakkinge wat deur die Bureau of Labour Statistics in Washington bestudeer is, het rekenaarinstandhouding verreweg die hoogste groeikoers getoon. Na raming sal die aantal poste in hierdie bedryf in die 10 jaar tot 1995 feitlik verdubbel van 55 000 tot 108 000.

Namate die rekenaar meer betroubaar en goedkoper word, mag die onderhoudsfunksie oorbodig raak. Kenmerkend van private inisiatief is egter dat die yster gesmee word terwyl dit warm is. Met die toekoms word gehandel wanneer dit daar is.

Een van die belangrikste bedenkinge wat ekonome oor die snelle uitbreiding in dienstebedrywe het, is die lae vermenigvuldigingseffek wat dit elders in die ekonomie het. 'n Maaltyd genuttig, is weg - vir altyd. 'n Ton staal, daarenteen, word gebruik in motors, geboue, brûe, koelkaste, swaar masjinerie, ens.

Namate die rekenaar meer betroubaar en goedkoper word, mag die onderhoudsfunksie oorbodig raak. Kenmerkend van private inisiatief is egter dat die yster gesmee word terwyl dit warm is. Met die toekoms word gehandel wanneer dit daar is.

Een van die belangrikste bedenkinge wat ekonome oor die snelle uitbreiding in dienstebedrywe het, is die lae vermenigvuldigingseffek wat dit elders in die ekonomie het. 'n Maaltyd genuttig, is weg - vir altyd. 'n Ton staal, daarenteen, word gebruik in motors, geboue, brûe, koelkaste, swaar masjinerie, ens.

Risiko-kapitaal

Die beskikbaarheid van risiko-kapitaal speel ongetwyfeld 'n belangrike rol in Amerika se jongste industriële revolusie. In die sewe jaar sedert die belasting op kapitaalwinste verminder is, is meer geld vir belegging in risiko-ondernemings gewerf as in alle jare vantevore. Risiko-kapitaal is 'n bron wat homself voed. Die welslae van een entrepreneur spoor beleggers aan om meer kapitaal beskikbaar te stel.

Finansiële hulp vir die entrepreneur is selde meer as twee telefoonoproepe ver. Amerika is natuurlik ook uniek in dié opsig dat daar so baie aandelebeurse is waar maatskappye hul aandele aan die publiek kan verkoop. Net in 1983 het 825 maatskappye beursnotering verkry en in die proses aandelekapitaal ten bedrae van \$10 500 miljoen gewerf.

Oorspronklik het baie ondernemerskapitaal in die VSA gekom van welgestelde families wat op soek was na nuwe beleggings. Een van die mees bekende risiko-kapitaalondernemings is Venrock, wat aan die Rockefeller-familie behoort en wat een van die eerste beleggers in die suksesvolle Apple Computermaatskappy was.

Vandag is daar nagenoeg 1 000 risiko-kapitaalfondse in die VSA, waaronder pensioenfondse, korporasies, versekeringsmaatskappye, welgestelde individue en stigtings.

Ek het reeds verwys na die welslae wat met "Neu-Europa" behaal is toe daar 75 miljoen Deutsche Mark vir die nuwe innovasiemaatskappy gewerf is.

'n Ander poging in Duitsland is Techno Venture Management (TVM), wat onlangs deur Siemens AG, TA Associates van Boston en die Matuschka-groep met 'n kapitaal van DM 100 miljoen gestig is. Die doel is om ondernemings op die patroon van Silicon Valley in München en omgewing tot stand te bring.

In sy motivering vir die stigting van TVM het graaf Matuschka gesê:

"The business climate is changing. There is a growing readiness by younger people with a scientific background and good new ideas to cut loose from the system and 'go independent'. The young potential entrepreneurs usually lack enough funds and know-how to set themselves up in business or, having done that, to expand to make the best use of their skills. They might be able to borrow from the bank but they would not get equity participation from them, nor skilled advice on matters such as product sales and marketing strategy".

In Britanje, tradisioneel die "nasie van die winkeliers", is daar onder die bewind van mev. Margaret Thatcher 'n terugkeer tot groter handelsaktiwiteite, en dus tot klein ondernemings.

'n Interessante hulpskema vir entrepreneurs in Brittanje is die voortgesette betaling van werkloosheidsvoordele vir een jaar aan sowat 30 000 onderneemmers wat hul eie ondernemings begin het. Volgens die programleier oorleef gemiddeld 80 persent van die ondernemings die eerste gesubsidieerde jaar, terwyl 60 persent ná die tweede jaar steeds sake doen.

Risiko-kapitaalondernemings se pad is nie aldag met rose besaai nie. Wanneer geld geleen is, is die taak nog lank nie afgehandel nie. Die ondervinding het geleer dat 'n hoë mate van betrokkenheid by ondernemings noodsaaklik is.

Nuwe ondernemings kan nouliks genoeg geld kry in die aanvangstadium. Hulle kom gewoonlik terug vir nog en resultate vat gewoonlik langer as wat verwag is.

KSOK

In Suid-Afrika was die stigting van die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie in 1981 'n belangrike ontwikkeling op die gebied van risiko-kapitaalverskaffing. Die blote beskikbaarheid van ondernemerskapitaal het nuwe ondernemings gestimuleer en dinamiese kragte ontketen.

Die statistiek vertel 'n verhaal van latente ondernemingsgees wat ontwaak het en nuwe behoeftes wat geïdentifiseer is. In die vier jaar van sy bestaan tot aan die einde van Januarie vanjaar het die KSOK nagenoeg R62 miljoen aan meer as 2 500 klein sake-ondernemings beskikbaar gestel. Meer as 34 000 nuwe werkgeleenthede is deur hierdie risiko-kapitaal geskep. Hierbeneuens is byna R13 miljoen deur middel van die bankwaarborgskema, wat deur die KSOK onderskryf word, aan kleinsake geleen.

Ten einde die regte klimaat vir ondernemerskap te help skep, het die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie, naas die eiendom wat van staatskorporasies oorgeneem is, sedert Desember 1981 'n verdere R38 miljoen bestee aan die verskaffing van sake-infrastruktuur, soos sakesentrums en nywerheidsparke, in gemeenskappe waar die grootste behoefte bestaan. Dit bring die totale waarde van die KSOK se verhuurbare sake-eiendom op sowat R73 miljoen te staan. Meer as 'n 1 000 huurders doen sake van hierdie eiendom af, wat 'n oppervlakte van 347 000 vierkante meter beslaan.

Maar ek het reeds genoem dat die bevordering van ondernemerskap nie ophou wanneer die lening toegestaan en die tjek uitgeskryf is nie. Die nasorg en adviesdienste wat die KSOK verskaf, lewer bewys hiervan. Gedurende 1984 het die vraag na hierdie dienste dramaties toegeneem. Navrae het van 2 000 per maand tot 4 000 per maand toegeneem.

In sy kort bestaan het die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie reeds die pad na groter deelname in vrye onderneming help aanwys. Alleen, en met die beperkte middele tot sy beskikking, kan die KSOK as promotor van entrepreneurskap hoogstens die rol van katalisator speel.

'n Volgehoue en gesamentlike poging deur beide die private en owerheidsektor is nodig as ons die skeppende energie wat in Suid-Afrika bestaan soos 'n bruisende stroom deur die ekonomie wil laat vloei om nuwe krag op te wek. Soos water, bederf skeppende energie ook wanneer dit stilstaan, of opgedam word. Ons moet nie langer huiwer om die sluise oop te trek nie.

Die pad vorentoe

Dieselfde natuurlike kragte wat tans in veral Amerika aan die werk is, is miskien nie so sigbaar in Suid-Afrika nie. Tog glo ek dat die geleentheid hier net so talryk vir 'n nuwe geslag entrepreneurs is. Daar is egter 'n paar voorbehoude.

Net soos die kuiken die dop moet breek om die lewenslig te aanskou, so moet die entrepreneur in Suid-Afrika die kans kry om deur die onnodige beperkings te breek wat sy ontwikkeling tans nog strem. Hiervoor is onkonvensionele denke nodig.

Ons staan voor die groot uitdaging om die produksievermoë van die land in ewewig te bring met die behoeftevlak van sy inwoners; om die vlak van geskooltheid en die behoefte aan tegnologiese ontwikkeling in sinvolle verband te bring; en om Eerste Wêreldstandaarde te versag om by Derde Wêreldstandaarde aan te pas.

Alvorens ons 'n volle deelnemer aan die derde industriële revolusie kan word, sal sekere regstellings gemaak moet word. Oormatige reëls, regulasies, papierwerk, punte van beheer, te hoë standaarde en buitensporige belasting is maar enkele aspekte van burokratiese bemoeienis wat neig om skeppende energie op te dam en te demp.

Arbeid wat vry is om te beweeg en geleentheid te benut, is 'n wesenlike kenmerk van vrye onderneming. Oral ter wêreld is voorbeelde van hoe die entrepreneur in groter konsentrasies gedy. Ons moet verstedeliking nie net as 'n bedreiging beskou nie, maar eerder as 'n geleentheid. Dis hier waar die nuwe geslag ondernemers gekweek word.

Hoë tegnologie, wat die dryfkrag agter die Amerikaanse ekonomiese herlewing is, hou beide 'n uitdaging en 'n bedreiging vir Suid-Afrika in. Dit maak enersyds tradisionele poste oorbodig, maar skep andersyds nuwe werk waarvan niemand 20 jaar gelede gedroom het nie.

Die geskiedenis het geleer dat die laaggeskoolde werker dikwels die slagoffer van vinnige tegnologiese verandering is. Hier lê dus 'n groot verantwoordelikheid om in Suider-Afrika naas versnelde opleiding die mees geskikte mengsel van moderne tegnologie en tradisionele praktyke te vind wat ons omstandighede die beste pas.

'n Ander saak wat dringende aandag verdien, is die skep van die regte klimaat waarin ondernemers self na vore sal kom. Vir baie jare het ons jongmense opgegroeï met die idee dat werksekuriteit die belangrikste oorweging by die keuse van 'n beroep is. Die staat, sekere professies en finansiële

instellings het binne hierdie beoordeling voorrang geniet. Een van die gevolge hiervan is dat sowat 46 persent van die ekonomies aktiewe wit bevolking vandag in die owerheidsektor werk.

Die regering begin nou besef dat hy 'n onregmatige vennoot in die ekonomie geword het, met 'n staatsmasjien wat die land nouliks kan bekostig. Geen wonder dat positiewe geluide van privatisering nou gereeld gehoor word nie. Die nuwe konstitusionele ontwikkeling en desentralisasie van gesag bied uitstekende geleenthede, veral op derdevlakregering, om 'n groter rol aan private inisiatief toe te ken. Die sakesektor moet hom eenvoudig hiervoor beywer.

Hier lê geleenthede verskuil waaroor ons struikel sonder om dit raak te sien. Die suksesverhaal van Germiston se meterleser is 'n mooi voorbeeld hiervan.

Twaalf jaar gelede het 'n amptenaar, wat by die tesourie van die Germistonse munisipaliteit werksaam was, aangebied om vir eie rekening die plaaslike owerheid se water- en elektrisiteitsmeters te lees. Hy het 'n tender ingedien, wat aanvaar is, en het sedertdien nog nie teruggekyk nie. Vandag lees sy onderneming meters vir 56 munisipaliteite!

Dis 'n enkele voorbeeld van privatisering. Kan u dink hoeveel ander geleenthede daar net op hierdie owerheidsvlak bestaan.

Vryemark

Ons sal vindingryk moet dink om die ondernemingsgees aan te wakker wat onontbeerlik is indien Suid-Afrika sy ekonomiese doelwitte wil bereik. Miskien sal dit selfs loon om by antieke Griekeland, waar die mark 'n ereplek gehad het, te gaan kers opsteek.

Die Griekse mark, of "agora", was 'n sentrum van lewe en aktiwiteit. Dit was nie net 'n sentrum vir die ruil van goedere nie, maar dit was ook die middelpunt van burgerlike en politieke bedrywighede en feesvieringe.

In die Griekse "agora" het elke groep verkopers, hetsy slagters, vishandelaars, blommeverkopers, vrugteventers, bakkers, wynverkopers, slawehandelaars en geldskieters 'n sirkelvormige, afgebakende gebied gekry, waar stalletjies aangebring kon word.

Markte is gemoedelike plekke waar met mekaar, naas mekaar, en met empatie vir mekaar, sake gedoen word. Ekonomiese nood is dikwels 'n sterk krag tot markvorming, soos in die sewentigerjare in die VSA gesien is toe

inflasiemoë Amerikaners die strate deurkruis het op soek na goedkoper artikels by vlooiemarkte wat oral opgeskiet het.

Ope markte, straatmarkte of vlooiemarkte het in die verlede waarskynlik hul ontstaan gehad toe die gesondheidsinspekteurs en stadsbeplanners anderpad gekyk het. Miskien is dit aan sulke spontane sake-aktiwiteite, wat so algemeen in die lande van die Verre Ooste voorkom, dat Suid-Afrika nou 'n groot behoefte het.

Oor die belangrikheid van die mark as instrument in die werking van die vrye ondernemingstelsel het Vernon A Mund in sy boek "Open Markets" soos volg geskryf:

"The right of enterprisers to compete without being excluded by more powerful rivals or subjects to their control, is an essential condition of a free competitive system. It is, moreover, an important right to preserve, for the extent of economic freedom determines in large measure the range of political and personal freedom".

Mund sê markte is nie instellinge wat lank gelede belangrik was, maar vandag geen nut meer het nie. Inteendeel, die mark is 'n onmisbare kenmerk van vryemarkkapitalisme — en so modern soos môre.

Hy wys daarop dat ondanks enorme hulpbronne en fenomenale vordering op tegnologiese gebied, die euwels van periodieke werkloosheid, onbenutte kapasiteit en hoë lewensduurte vir die massas, in verhouding met inkomme, steeds voorkom in die sogenaamde "kapitalistiese wêreld".

"But it should be recognised that the 'capitalism' which is said to be failing is an incomplete and frustrated form of 'capitalism'. Over vast areas, business lacks the most essential feature of the determination of prices - a system of properly functioning markets. Most people agree that they want free economic enterprise, full employment, and equal economic opportunity. Many, however, shrink from paying the necessary price for these conditions. If we believe in economic freedom, we must do what is absolutely necessary to make it possible - that is preserve, restore, and create market competition by every means within our power".

Dis interessant om daarop te let dat Mund, 'n professor in ekonomie aan die Universiteit van Washington, hierdie menings reeds meer as 30 jaar gelede uitgespreek het. Dis so 'n heldere siening van die ekonomiese vraagstukke van ons tyd dat die boek net sowel in die tagtigerjare geskryf kon gewees het.

In Suid-Afrika het ons meer inligting van 'n praktiese eerder as 'n teoretiese

aard nodig om die werklike potensiaal van elke gebied, asook sakegeleenthede, te bepaal. Ons het ook meer suksesvolle projekte en sigbare tekens van ontwikkeling nodig, en ons moet nie skroom om inligting daarvoor wyd bekend te stel nie. Sukses is 'n sterk motiveerder van menslike optrede.

In die soeke na 'n nuwe geslag entrepreneurs moet ons eger ook onthou dat as die entrepreneurspotensiaal nie bestaan of aangemoedig word nie, al die risikokapitaal in die wêreld nie sal help om lewensvatbare nuwe ondernemings tot stand te bring nie.

Geld is belangrik, maar alleen verseker dit nie entrepreneurskap nie. In die huis, op skool en universiteit en op elke vlak in die samelewing sal ons die nuwe entrepreneur moet soek, bekwaam maak, inspireer, maar bowenal uit sy pad bly en hom wetlik en administratief so min moontlik belas.

Entrepreneurskap groei nie kunsmatig nie. Dit sal nie help om buro's of organisasies te stig wat geleenthede vir klein ondernemings moet "uitdink" nie. As die klimaat reg en risiko-kapitaal beskikbaar is, sal hulle self na vore kom.

Suid-Afrika beweeg op 'n opwindende ontwikkelingspad wat ongetwyfeld ook hoë eise stel. Veranderende omstandighede vereis dat vroeëre opvattinge en houdings wat in onbuigsame vorms gegiet is, plek maak vir dinamiese beweeglikheid. Hier lê die uitdaging.

PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

1. "Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte" — Dr P C Coetzee
2. "Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof B F Nel
3. "Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv E H Louw
4. "Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof J H v d Merwe
5. "Livestock Philosophy" — Prof J C Bonsma
6. "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof J C Bonsma
7. "Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging" — Julie 1985
8. "Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof H J J Reynders
9. "Suiwelbereiding as Studieveld" — Prof S H Lombard
10. "Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" — Prof J J Matthee
11. "The Problem of Methaemoglobinemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof D G Steyn
12. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex", Part 1 — Dr C J Liebenberg
13. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex, Part II. The Different Rock Types" — Dr C J Liebenberg
14. "Protective action of Fluorine on Teeth" — Prof D G Steyn
15. "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" — Dr C P Snyman
16. "Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" — Prof D M Joubert
17. "Die Bestryding van Plantsiektes" — Prof P M le Roux
18. "Kernenergie in Suid-Afrika" — Prof A J A Roux
19. "Die soek na Kriteria" — Prof A P Grové
20. "Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" — Prof E B van Wyk
21. "Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" — Prof D J Stoker
22. "Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof P C Snijman
23. Freedom — What for" — Prof D G Steyn
24. "Once more — Fluoridation" — Prof D G Steyn
25. "Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof P C Coetzee
26. "Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" — Prof J A Lombard
27. "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" — Dr C J Liebenberg
28. "Die Inligtingsprobleem" — Prof C M Kruger
29. "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof D G Steyn
30. "Konstituering in Teoreties-Didaktiesel Perspektief" — Prof F van der Stoep
31. "Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" — Prof Anna S Pohl
32. "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr D Page
33. "Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Profesie" — Prof J J N Cloete
34. "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" — Prof J A E Leue
35. "Analitiese Chemie" — Prof C J Liebenberg
36. "Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof D J L Visser
37. "Moses by die Brandende Braambos" — Prof A H van Zyl
38. "A Qualitative Study of the Nodulation Ability of Legume Species: List 1" — Prof N Grobbelaar, M C van Beyma en C M Todd
39. "Die Messias in die saligsprekinge" — Prof S P J J van Rensburg


40. Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1963/1964
41. "Universiteit en Musiek" — Prof J P Malan
42. "Die studie van die Letterkunde in die Bantoetaal" — Prof P S Groenewald
43. Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1964/1965
44. "Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" — Prof G Cronjé
45. "Die Verboude Grond in Suid-Afrika" — Prof D G Haylett
46. "'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" — Prof Charlotte Searle
47. Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1965/1966
48. "Op soek na Pedagogiese Kriteria" — Prof W A Landman
49. "Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" — Prof D F Mostert
50. Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1966/1967
51. "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment of disease" — Prof Douw G Steyn
52. "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" — Prof D G Steyn
53. "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" — Prof H P van der Schijff
54. "Aspects of Personnel Management" — Prof F W Marx
55. Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1967/1968
56. "Sport in Perspektief" — Prof J J Botha
57. "Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" — Prof J A Heyns
58. "Onkruide en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" — Prof P C Nel
59. "Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasië in Psigopedagogiese Perspektief" — Prof M C H Sonnekus
60. "Kristolhelder Water" — Prof F A van Duuren
61. "Arnold Theiler (1867—1936) — His Life and Times" — Dr Gertrud Theiler
62. "Dr Hans Merensky — Mens en Voorbeeld" — Prof P R Skawran
63. "Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" — Prof F J du Toit Spies
64. "Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktyk (M Prax Med) van die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
65. Samevatting van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969
66. "Kunskritiek" — Prof F G E Nilant
67. "Anatomie — 'n Ontleding" — Prof D P Knobel
68. "Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" — Prof F J Potgieter
69. "Die Eenheid van die Wetenskappe" — Prof P S Dreyer
70. "Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap" — Dr G W v d Merwe
71. "Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" — of W L Jenkins
72. "Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme" — Prof J O Grunow
73. "Some Problems of Space and Time" — Mnr K A Schrecker
74. "Die Boek Prediker — 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" — Prof J P Oberholzer
75. Titels van Proefskrifte en Verhandelinge ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972
76. "Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp" — Prof D J Swiegers
77. "'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" — Prof J J de Klerk
78. "Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" — Prof C J van Dyk
79. "Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" — Prof J M T Labuschagne
80. Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan — 9 Feb 1973
81. "Volkekunde en Ontwikkeling" — Prof R D Coertze

82. "Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" — Prof F W Marx
83. "Bakensyfers vir Diereproduksies" — Prof D R Osterhoff
84. "Die Ontwikkeling van die Geregtelike Geneeskunde" — Prof J Studer
85. "Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" — Prof J L Botha
86. Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 4—7 Feb 1974
87. "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
88. "Opleiding in bedryfseconomie in die huidige tydvak" — Prof F W Marx
89. "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" — Prof S R van Jaarsveld
90. "The Clinical Psychologist: Training in South Africa". A report on a three-day invitation conference: 11—13 April 1973
91. "Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" — Prof L Peeters
92. "Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis — met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk" — Prof P B van der Watt
93. "Die funksionele anatomie van die herkouermaag-vorm is gekristalliseerde funksie" — Prof J M W le Roux
94. Dosentekursus 1975 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie — 6 Februarie 1975
95. "'n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oorname" — Prof G van N Viljoen
96. "Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" — Prof G N Louw
97. "Die Soogdiernavorsingsinstituut 1966—1975"
98. "Prostetika: 'n doelgerigte benadering" — Prof P J Potgieter
99. "Inligtingsbestuur" — Prof C W I Pistorius
100. "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig?" — Dr Anton Rupert
101. "Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie — Verlede, Hede en Toekoms" — Prof J D Duvenhage
102. "Keel-, Neus- en Oorheelkunde — Hede en Toekoms" — Prof H Hammersma
103. Dosentesimposia 1975
104. "Die Taak van die Verpleegonderwys" — Prof W J Kotzé
105. "Quo Vadis, Waterboukunde?" — Prof J P Kriel
106. "Geregtelike Geneeskunde: Die Multidissiplinêre Benadering" — Prof J D Loubser
107. "Huishoudkunde — Waarheen?" — Prof E Boshoff
108. Dosentekursus 1976 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 29 Januarie — 4 Februarie 1976
109. Tweede H F Verwoerd-gedenklesing gehou deur die Eerste Minister Sy Edele B J Vorster
110. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1972/73; 1973/74 en 1974/75 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1975
111. "Ortodonsie — 'n Oorsig en waardebeplanning" — Prof S T Zietsman
112. "Rede gelewer by die ingebruikneming van die Nuwe Kompleks vir die Tuberkulosenavorsingseenheid van die MNR" — Prof H W Snyman
113. "Die gebruik van Proefdiere in Biomediese Navorsing, met Spesiale Verwysing na Eksperimentele Chirurgie" — Prof D G Steyn
114. "Die Toekoms van die Mynboubedryf in Suid-Afrika" — Prof F O P Leiding
115. "Van Krag tot Krag" — Dr Anton Rupert
116. "Carnot, Adieu!" — Prof J P Botha
117. "'n Departement van Hematologie — Mode of Noodsaak" — Prof K Stevens
118. "Farmaka en Farmakologie: Verlede, Hede en Toekoms" — Prof De K Sommers
119. "Opleiding in Elektrotegniese Ingenieurswese — Deurbraak of Dwaling?" — Prof L van Biljon
120. "Die Röntgendiagnostiek voor 'n Nuwe Uitdaging — die Toegepaste Fisiologie" — Prof J M van Niekerk

121. "Die Algemene Sisteemteorie as Uitgangspunt by die Beplanning van 'n Basiese Biblio- teek- en Inligtingkundige Opleidingsprogram" — Prof M C Boshoff
122. Dosentekursus: 1977
123. "Hulpverlening aan kinders met leerprobleme" — Prof P A van Niekerk
124. "Tuinboukunde Quo Vadis" — Prof L C Holtzhausen
125. "Die plek en toekomstaak van 'n Departement Huisartskunde in 'n Fakulteit van Geneeskunde" — Prof A D P van den Berg
126. "Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1975/76 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1976
127. "Landbouvoorligting by die kruisad — Uitdagings vir Agrariese Voorligting as Uni- versiteitsdepartement" — Prof G H Düvel
128. "Die ontplooiing van Rekenaarwetenskap as 'n funksie van evolusie op Rekenargebied" — Prof R J van den Heever
129. "Die rol van navorsing in die opleiding en ontwikkeling van die akademiese chirurg" — Prof C J Mieny
130. "Sport and Somatology in Ischaemic Heart Disease" — Prof P J Smit
131. Dosentekursus 1978
132. "'n Beter Toekoms" — Dr Anton Rupert
133. Toespraak gelewer by geleentheid van die Lentepromosieplegtigheid van die Univer- siteit van Pretoria op 8 September 1978 — Mnr J A Stegmann, Besturende Direkteur van Sasol
134. Geologie in 'n toekoms van Bepaalde Hulpbronne" — Prof G von Gruenewaldt
135. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1976/77 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigend op 15 November 1977
136. "Die Kind met Spesifieke Leergestremdhede" — Proff P A van Niekerk en M C H Son- nekus
137. "Sensore en Tensore" — Prof N Maree
138. "Die Godsdienswetenskappe en die Teologie" — Prof P J van der Merwe
139. "Dierefisiologiese navorsing aan die Universiteit van Pretoria (1928—1978)" — Prof J F W Grosskopf
140. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1977/78 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1978
141. "Behoeftebepaling en doelformulering in die Opvoeding, Onderwys en Opleiding" — Prof E J Potgieter
142. "Klein sake is 'Grootsake'" — Dr Anton Rupert
143. "Die Pad Vorentoe" — Prof W E G Louw
144. Referate gelewer tydens die jubileumjaarviering — Prof P S Dreyer
145. "Die gebruikmaking van Kies-en-keur en invulvraestelle" — lesing gelewer tydens 'n kursus vir dosente op 19 en 20 April 1979 en 22 en 23 Oktober 1979
146. "Survey of Disease Patterns in Transkei and the Ciskei" — E Rose, W G Daynes en P J Kloppers
147. Die Ortopedagogiek as Praktkygerigte Pedagogiekperspektief" — Prof P A van Niekerk
148. "Die rol van Kernkrag gesien teen die agtergrond van die energietekort in die wêreld" — Dr A J A Roux
149. "Exchange lists for selected Protein Diets" — Medv J M Crous
150. "Die Universiteit van Pretoria se bydrae tot die Dierefisiologiese Vakliteratuur (1930—1980)" — J F W Grosskopf, J D Skinner en S Christa Daffûe
151. "Professors' Dilemma. Problems, Polemics and Politics in University Departments of English" — Prof P J H Titlestad
152. "Ortopedie, Die Ortopeed en die mens" — Prof R P Gråbe
153. "Die rol van Fisika in die moderne gemeenskap" — Prof E K H Friedland
154. "Interne Geneeskunde: Wetenskap en Kuns" — Prof G P Human
155. "Die opleiding van Chemiese Ingenieurs in Suid-Afrika" — Prof U Grimsehl
156. "Doelwitte vir Musiekopleiding" — Prof S Paxinos

157. "Die stand van die Beeldende Kuns in Suid-Afrika" — Prof N O Roos
158. "Op die spoor van die Onsigbare Lig" — Prof S F Prinsloo
159. "Beroepsoriënteringspedagogiek gereël deur die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria as deel van die Halfeeufesviering 12 tot 14 Augustus 1980 — Onder redaksie van Prof C J Joubert
160. "Die selfbeeld van die Sosiologie en Sosioloë" — Prof J S Oosthuizen
161. "Onderwysopleiding — 'n Didakties-Pedagogiese en Vakdidaktiese beskouing" — Prof W J Louw
162. "Die teenwoordigheid van Christus in die Erediens" — Prof A C Barnard
163. "Die Stand en taak van Geesteswetenskaplike Navorsing in die RSA" — Prof J G Garbers
164. "Die betekenis van die Regsfilosofie vir Regsnavorsing en Regspleging" — Prof J V van der Westhuizen
165. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1978–1979 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die 12 maande eindigende op 15 November 1979
166. "Die verskynsel van Spesialisering by insekte en entomoloë" — Prof E Holm
167. "Fiftieth Anniversary Lectures": University of Pretoria — August — September 1980 — George D Yonge
168. "Kindergeneeskunde in die jaar 2000" — Prof R E Cronje
169. "Praktiese Regsopleiding in die Akademie" — Prof C F Eckard
170. "Proceedings of the Symposium on Controversies in Surgery" — Edited by Prof C J Miney
171. "The Psychic Life of the Child with Specific Learning disabilities" — Prof M C H Sonnekus
172. "B F Nel Herdenkingsrede — Universiteit van Pretoria" 12 Augustus 1981 — Prof E A van Trotzenburg
173. "Statistiek en die statistikus in diens van die gemeenskap" — Prof H S Schoeman
174. "Menslike Anatomie — basiese geneeskundige vak" — Prof I J M van Niekerk
175. "Môre se uitdaging vir die Suid-Afrikaanse Mynboubedryf" — Prof A N Brown
176. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1979/80 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die 12 maande eindigende op 15/11/1980
177. "Leiding aan Magister en Doktorale studente" — Prof W A Landman
178. "Steekproefneming in die Praktyk" — Prof D G Stoker
179. "Bestuur — Wetenskap of Kultuur?" — Dr A Rupert
180. "Uitdagings wat nuwere tendense aan die Universiteitsbiblioteekwese stel" — Die departement Biblioteek- en Inligtingkunde en die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria
181. "Liggaamsbeweging en die Mens in Wording" — "Physical movement and the Becoming of Man" — Onder redaksie van/edited by Prof J L Botha en/and Prof P J Smit
182. "Kriminologie 2000" — Prof D G Steyn
183. "A Horse! A Horse! My Kingdom for a Horse!" — Prof M M S Smuts
184. "Die bydrae van Mondpatologie tot die Geneeskunde" — Prof A J Ligthelm
185. "Lectures on Philosophical Hermeneutics" — Prof Dr Hans-Georg Gadamer
186. "Inhuldigingsrede van Vise-Kanselier en Rektor" — Prof D M Joubert
187. "Uitdagings vir 'n Ginekologie en Obstetrie Departement in die ruimte-eeu" — Prof J V van der Merwe
188. Die uitdaging van Elektriese Ingenieurswese in Suid-Afrika" — Prof N Wessels
189. "Titels van proefskrifte en verhandelinge ingedien gedurende 1980/81 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1981"
190. "Die belangrikheid van Periodonsie en Mondgeneeskunde in Tandheelkunde" — Prof J A Pretorius
191. "Strategieë vir die implementering van navorsingsbevindinge in die Geesteswetenskapope" — Dr J G Garbers

192. "Gesprekke oor die Wiskunde" — Onder redaksie van Prof P J Zietsman
193. "Gemeenskapsgesondheid: 'n Nuwe Naam en 'n Nuwe Benadering" — Prof A M Coetzee
194. "Vrees dat die Wonderboom sal ... (val)?" (J C Steyn) — Prof Réna Pretorius
195. "Evaluering van die hedendaagse beroepsoriënteringsteorie en -praktyk" — Prof C J Joubert
196. Magskonsentrasie: Voor- en Nadele" — Dr A E Rupert
197. "Waarom Chemie?" — Prof A Wiechers
198. "Biblioteek- en Inligtingkunde: Quo Vadis" — Prof J A Boon
199. "B.F. Nel-Gedenklesing" — Prof F van der Stoep
200. "Die opleiding van navorsers in die Geesteswetenskappe" — Dr J G Garbers
201. "'n Konteks vir die Argitektuur" — Onder redaksie van Prof D Holm
202. "Wiskunde in diens van die gemeenskap" — Prof J Swart
203. "Die moderne staatkunde in die Republiek van Suid-Afrika" — Prof F L Ackron
204. "Wetmatigheid en Meganiese Ingenieurswese" — Prof P C Haarhoff



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS NR 205 - 1985
ISBN 0 86979 391 8
Prys: R4,45

Hierdie publikasie en die publikasies wat hierin vermeld word, is verkrygbaar van:

VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK
BURNETTSTRAAT 1096
HATFIELD
0083

V&R Pta